Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998


# STAATSKOERANT
## VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

## REPUBLIC OF SOUTH AFRICA
# GOVERNMENT GAZETTE

REGULASIEKOERANT No. 2943 PRYS + 1c AVB 20c PRICE + 1c GST REGULATION GAZETTE No. 2943

*As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer* BUITELANDS 30c ABROAD *Registered at the Post Office as a Newspaper*

POSVRY · POST FREE

Vol. 175] PRETORIA, 25 JANUARIE / JANUARY 1980 [No. 6823


## GOEWERMENTSKENNISGEWINGS

## DEPARTEMENT VAN DOEANE EN AKSYNS

No. R. 135 25 Januarie 1980

DOEANE- EN AKSYNSWET, 1964

WYSIGING VAN REËLS (No. DAR/28)

Kragtens artikel 120 van die Doeane- en Aksynswet, 1964, word die Bylae by die reëls gepubliseer by Goewermentskennisgewing R. 1771 van 5 Oktober 1973 gewysig deur—

(1) in paragraaf 7 onder die opskrif "Oos-Londen Spesiaal: Oosoewer:" die volgende subparagraaf by te voeg:

"8. Die tonnel onder Pontoonweg waar die spoorlyn die hawegebied verlaat om by die hoofspoorlyn vanaf Port Rex-stasie na Terminus aan te sluit—slegs vir spoorwegverkeer."; en

(2) die bestaande subparagrawe 8–11 in paragraaf 7 onder die opskrif "Oos-Londen Spesiaal: Wesoewer:" te hernommer na 9–12.

Sekretaris van Doeane en Aksyns.

*Opmerking.*—'n Nuwe ingang na en uitgang van die dok- en kaaigebied word aangewys.

## DEPARTEMENT VAN GEMEENSKAPSBOU

No. R. 123 25 Januarie 1980

BEHUISINGSWET, 1966

WYSIGING VAN DIE REGULASIES IN VERBAND MET ADMINISTRASIEGELDE BETAALBAAR DEUR VERBANDGEWERS OF KOPERS

Kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel 90 van die Behuisingswet, 1966 (Wet 4 van 1966), het die Minister van Gemeenskapsbou die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing R. 1446 van 1 Augustus 1975 gewysig deur regulasie 6 (2) (a) te vervang deur die regulasie in die Bylae hiervan vervat.

## GOVERNMENT NOTICES

## DEPARTMENT OF CUSTOMS AND EXCISE

No. R. 135 25 January 1980

CUSTOMS AND EXCISE ACT, 1964

AMENDMENT OF RULES (No. DAR/28)

Under section 120 of the Customs and Excise Act, 1964, the Schedule to the rules published in Government Notice R. 1771 of 5 October 1973 is amended by—

(1) the insertion in paragraph 7 under the heading "East London Special: East Bank:" of the following subparagraph:

"8. The tunnel underneath Pontoon Road where the railway line leaves the dock area to join the main line from Port Rex Station to Terminus—for railway traffic only."; and

(2) the re-numbering of subparagraphs 8–11 in paragraph 7 under the heading "East London Special: West Bank:" as 9–12.

Secretary for Customs and Excise.

*Note.*—A new entrance to and exit from the dock and wharf area is appointed.

## DEPARTMENT OF COMMUNITY DEVELOPMENT

No. R. 123 25 January 1980

HOUSING ACT, 1966

AMENDMENT OF THE REGULATIONS IN CONNECTION WITH ADMINISTRATION FEES PAYABLE BY MORTGAGORS OR PURCHASERS

By virtue of the powers vested in him by section 90 of the Housing Act, 1966 (Act 4 of 1966), the Minister of Community Development has amended the regulations promulgated under Government Notice R. 1446 of 1 August 1975 by the substitution for regulation 6 (2) (a) of the regulation contained in the Schedule hereto.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



BYLAE

(2) (a) *Administrasiegeld.*—Die Kommissie of 'n plaaslike bestuur, na gelang van die geval, kan gedurende die termyn van enige lening of lenings deur hom toegestaan, administrasiegeld van R2,50 per maand hef van die verbandgewer of die koper aan wie sodanige lening of lenings toegestaan is.

SCHEDULE

2 (a) *Administration fee.*—The Commission or a local authority, as the case may be, may, during the currency of any loan or loans granted by it, levy on the mortgagor or purchaser to whom such loan or loans have been granted an administration fee of R2,50 per month.

## DEPARTEMENT VAN LANDBOU-EKONOMIE EN -BEMARKING

No. R. 152 25 Januarie 1980

REGULASIES MET BETREKKING TOT DIE GRADERING EN VERPAKKING VAN KORING.—WYSIGING

Die Minister van Landbou het, kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel 89 van die Bemarkingswet, 1968 (Wet 59 van 1968), die regulasies in die Bylae hiervan uiteengesit, gemaak.

BYLAE

1. In hierdie Bylae beteken "regulasies" die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing R. 1633 van 15 September 1972 soos gewysig deur Goewermentskennisgewings R. 1758 van 29 September 1972, R. 1522 van 24 Augustus 1973, R. 1768 van 28 September 1973, R. 1745 van 27 September 1974, R. 1836 van 26 September 1975, R. 1761 van 1 Oktober 1976, R. 2220 van 28 Oktober 1977, R. 1985 van 29 September 1978 en R. 2392 van 26 Oktober 1979 en soos verbeter deur Goewermentskennisgewing R. 1906 van 27 Oktober 1972.

2. Regulasie 3 (2) van die regulasies word hierby gewysig deur die woord "Palala" na die woord "Nana" in paragraaf (a) in te voeg.

## DEPARTMENT OF AGRICULTURAL ECONOMICS AND MARKETING

No. R. 152 25 January 1980

REGULATIONS RELATING TO THE GRADING AND PACKING OF WHEAT.—AMENDMENT

The Minister of Agriculture has, under the powers vested in him by section 89 of the Marketing Act, 1968 (Act 59 of 1968), made the regulations set out in the Schedule hereto.

SCHEDULE

1. In this Schedule "regulations" means the regulations published by Government Notice R. 1633 of 15 September 1972 as amended by Government Notices R. 1758 of 29 September 1972, R. 1522 of 24 August 1973, R. 1768 of 28 September 1973, R. 1745 of 27 September 1974, R. 1836 of 26 September 1975, R. 1761 of 1 October 1976, R. 2220 of 28 October 1977, R. 1985 of 29 September 1978 and R. 2392 of 26 October 1979 and as corrected by Government Notice R. 1906 of 27 October 1972.

2. Regulation 3 (2) of the regulations is hereby amended by the insertion of the word "Palala" after the word "Nana" in paragraph (a).

## DEPARTEMENT VAN POS- EN TELEKOMMUNIKASIEWESE

No. R. 148 25 Januarie 1980

VERBETERING VAN GOEWERMENTSKENNISGEWING.—RADIOREGULASIES

Onderstaande verbeterings van Goewermentskennisgewing R. 2862 van 28 Desember 1979 word hierby gepubliseer:

1.0 AFRIKAANSE TEKS:

1.1 Vervang "Page" bo-aan bladsy 106 deur "Bladsy".

1.2 Hoofstuk 3:

1.2.1 B1 (1): Vervang "Regulasies" in tweede reël deur "regulasies".

1.2.2 B1 (2): Vervang "regulaise" in tweede reël deur "regulasie".

1.2.3 B10 (1): Vervang "gs-lewering" en "uitgang" in die eerste en tweede reëls deur onderskeidelik "gs-inset" en "inset".

1.2.4 B11: Vervang "0.1" in tweede reël deur "0,1".

1.2.5 B12 (1) (i): Voeg "en" in na "word;" in laaste reël.

1.2.6 B13 (2): Die woord "aanmerking" in vierde reël moet nie kursief wees nie.

1.2.7 Deel II 4: Vervang "Radio-ontvangstoestelle" in aanhef deur "Radio-ontvangtoestelle".

## DEPARTMENT OF POSTS AND TELECOMMUNICATIONS

No. R. 148 25 January 1980

CORRECTION OF GOVERNMENT NOTICE.—RADIO REGULATIONS

The following corrections of Government Notice R. 2862 of 28 December 1979 are hereby published:

1.0 AFRIKAANS TEXT:

1.1 Substitute "Bladsy" at the top of page 106 for "Page".

1.2 Chapter 3:

1.2.1 B1 (1): Substitute "regulasies" for "Regulasies" in the second line.

1.2.2 B1 (2): Substitute "regulasie" for "regulaise" in the second line.

1.2.3 B10 (1): Substitute "gs-inset" and "inset" for "gs-lewering" and "uitgang" in the first and second lines respectively.

1.2.4 B11: Substitute "0,1" for "0.1" in the second line.

1.2.5 B12 (1) (i): Insert "en" after "word;" in last line.

1.2.6 B13 (2): The word "aanmerking" in the fourth line must not be in italics.

1.2.7 Part II 4: Substitute "Radio-ontvangtoestelle" in caption for "Radio-ontvangstoestelle".

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



1.2.8 Deel II 4: Vervang "superinheterodineontvangers" in tweede reël deur "superheterodineontvangers" en "swewingsossilators" in derde reël deur "swewingsossillators".

1.3 Hoofstuk 4:

1.3.1 C1 (b) (iii): Vervang ":" in tweede reël deur "—".

1.4 Hoofstuk 5:

1.4.1 D6 (1): Vervang "Emmissie" in vyfde reël deur "Emissie".

1.5 Hoofstuk 6:

1.5.1 E1 (vii): Vervang "Basistasie" in derde reël deur "Basisstasie".

1.5.2 E2: Voeg "R" in onder die opskrif "Eksameninskrywings geld" en skrap "R" in derde kolom teenoor items (i), (ii), (iii), (iv), (v), (vi), (vii) en (viii).

1.5.3 E2 (vi) (b): Vervang "selgs" in tweede reël deur "slegs".

1.5.4 E2 (viii): Vervang "2 700" in laaste reël deur "2 720".

1.6 Hoofstuk 8:

1.6.1 G14: Vervang "Radio-ontvangstoestelle" in aanhef deur "Radio-ontvangtoestelle".

1.6.2 G14: Vervang "radio-ontvangstoestel" in eerste reël deur "radio-ontvangtoestel".

1.7 Bylae A:

1.7.1 Tabel 1 (b): Skrap "200 μV/m" en "Onder roete" in onderskeidelik kolomme agt en nege.

1.8 Sleutel tot afkortings:

1.8.1 (2): Vervang "N<0,02)" in tweede reël deur "N<0,2)."

1.8.2 (4) en (6): Vervang "Assimetries" en "Assimmetries" deur "Asimmetries".

1.8.3 (11): Vervang "50 μV/M" en "180 μV/M" deur onderskeidelik "50 μV/m" en "180 μV/m".

1.9 Bylae D:

1.9.1 (ii): Vervang "metaalenjinsomhulsels" deur "metaalenjinomhulsels".

1.10 Bylae F:

1.10.1 Bladsy 138: Voeg "Bylae F" in bo-aan die bladsy.

2.0 ENGELSE TEKS:

2.1 Vervang "Bladsy" bo-aan bladsy 106 deur "Page".

2.2 Inhoudsopgawe:

2.2.1 G17: Vervang "licences/sertificates" deur "licences/certificates".

2.3 Hoofstuk 1:

2.3.1 (xviii): Die derde woord "power" moet kursief wees.

2.4 Hoofstuk 2:

2.4.1 (5): Vervang "representive" in die derde reël deur "representative".

2.5 Hoofstuk 3:

2.5.1 B3 (1): Skrap "be" in sesde reël.

2.5.2 B3 (3): Vervang "transmission" in agste reël deur "transmissions".

2.5.3 B6 (iv): Vervang "1 251-1 300 MHz" deur "1 215-1 300 MHz".

2.5.4 B9 (2): Vervang "emision" in eerste reël deur "emission".

1.2.8 Part II 4: Substitute "superheterodineontvangers" for "superinheterodineontvangers" in second line and "swewingsossillators" for "swewingsossilators" in third line.

1.3 Chapter 4:

1.3.1 C1 (b) (iii): Substitute "—" for ":" in second line.

1.4 Chapter 5:

1.4.1 D6 (1): Substitute "Emissie" for "Emmissie" in fifth line.

1.5 Chapter 6:

1.5.1 E1 (vii): Substitute "Basisstasie" for "Basistasie" in third line.

1.5.2 E2: Insert "R" below "Eksameninskrywings geld" and delete "R" in third column opposite items (i), (ii), (iii), (iv), (v), (vi) (vii) and (viii).

1.5.3 E2 (vi) (b): Substitute "slegs" for "selgs" in second line.

1.5.4 E2 (viii): Substitute "2 720" for "2 700" in last line.

1.6 Chapter 8:

1.6.1 G14: Substitute "Radio-ontvangtoestelle" in caption for "Radio-ontvangstoestelle".

1.6.2 G14: Substitute "radio-ontvangtoestel" for "radio-ontvangstoestel" in first line.

1.7 Annexure A:

1.7.1 Table 1 (b): Delete "200 μV/m" and "Onder roete" in columns eight and nine respectively.

1.8 Key to Abbreviations:

1.8.1 (2): Substitute "N<0,2)" for "N<0,02)" in second line.

1.8.2 (4) and (6): Substitute "Asimmetries" for "Assimetries" and "Assimmetries".

1.8.3 (11): Substitute "50 μV/m" and "180 μV/m" for "50 μV/M" and "180 μV/M" respectively.

1.9 Annexure D:

1.9.1 (ii): Substitute "metaalenjinomhulsels" for "metaalenjinsomhulsels".

1.10 Annexure F:

1.10.1 Page 138: Insert "Bylae F" at the top of the page.

2.0 ENGLISH TEXT:

2.1 Substitute "Page" at the top of page 106 for "Bladsy".

2.2 Index:

2.2.1 G17: Substitute "licences/certificates" for "licences/sertificates".

2.3 Chapter 1:

2.3.1 (xviii): The third word "power" should be in italics.

2.4 Chapter 2:

2.4.1 (5): Substitute "representative" for "representive" in third line.

2.5 Chapter 3:

2.5.1 B3 (1): Delete "be" in sixth line.

2.5.2 B3 (3): Substitute "transmissions" for "transmission" in eighth line.

2.5.3 B6 (iv): Substitute "1 215-1 300 MHz" for "1 251-1 300 MHz".

2.5.4 B9 (2): Substitute "emission" for "emision" in first line.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



2.5.5 B10 (1): Vervang "output" in eerste en tweede reëls deur "input".

2.5.6 Deel II 4: Vervang "aparatus" in aanhef deur "apparatus".

2.6 Hoofstuk 4:

2.6.1 C1 (a): Vervang "exceeding a value of 200 mW" in tweede reël deur "exceeding 50 mW".

2.6.2 C1 (b) (ii) en (iii): Vervang "uW" in hierdie twee paragrawe deur "μW".

2.6.3 C2 (v): Vervang "uW" in tweede reël deur "μW".

2.7 Hoofstuk 5:

2.7.1 D6 (1) (ii): Vervang "attenuation at at least 30 dB" deur "attenuation at least 30 dB".

2.8 Hoofstuk 6:

2.8.1 E2: Skrap "R" in derde kolom teenoor items (iii), (iv), (v), (vi), en (viii) onder die opskrif "Examination entry fee".

2.8.2 E2 (vi) (b): Vervang "device" in vierde reël deur "devices".

2.8.3 E2 (viii): Vervang "2 700" in derde reël deur "2 720".

2.9 Hoofstuk 7:

2.9.1 F3 (1): Voeg "in" in laaste reël voor "Annexure" in.

2.10 Bylae A:

2.10.1: Vervang "condutcor" in laaste reël deur "conductor".

2.11 Tabel 1:

2.11.1 (a) (ii): Voeg "1" in in kolom een teenoor "150-500 kHz".

2.11.2 (f) (iv): Vervang "300 °V/m" in kolom agt deur "300 μV/m".

2.11.3 (f) (iv): Vervang "108 132 MHz" in kolom twee deur "108-132 MHz".

2.12 Sleutel tot afkortings:

2.12.1 (4) en (6): Vervang "Assymetrical" deur "Asymmetrical".

2.13 Tabel 3:

2.13.1: Vervang "Factor-f" in regter kolom deur "Factor f".

2.14 Bylae D:

2.14.1 (i) (b): Voeg "Class 1 or 2 or 3 or 4 or 5" in na "suppressors".

2.15 Bylae F:

2.15.1 Bladsy 137: Voeg "Annexure F" in bo-aan die bladsy.

2.5.5 B10 (1): Substitute "input" for "output" in the first and second lines.

2.5.6 Part II 4: Substitute "apparatus" for "aparatus" in caption.

2.6 Chapter 4:

2.6.1 C1 (a): Substitute "exceeding 50 mW" for "exceeding a value of 200 mW".

2.6.2 C1 (b) (ii) and (iii): Substitute "μW" for "uW" in these two paragraphs.

2.6.3 C2 (v) Substitute "μW" for "uW" in second line.

2.7 Chapter 5:

2.7.1 D6 (1) (ii): Substitute "attenuation at least 30 dB" for "attenuation at at least 30 dB".

2.8 Chapter 6:

2.8.1 E2: Delete "R" in third column opposite items (iii), (iv), (v), (vi) and (viii) under the heading "Examination entry fee".

2.8.2 E2 (vi) (b) Substitute "devices" for "device" in fourth line.

2.8.3 E2 (viii): Substitute "2 720" for "2 700" in third line.

2.9 Chapter 7:

2.9.1 F3 (1): Insert "in" before "Annexure" in last line.

2.10 Annexure A:

2.10.1: Substitute "conductor" for "condutcor" in last line.

2.11 Table 1:

2.11.1 (a) (ii): Insert "1" in column one opposite "150-500 kHz".

2.11.2 (f) (iv): Substitute "300 μV/m" for "300 °V/m" in column eight.

2.11.3 (f) (iv): Substitute "108-132 MHz" for "108 132 MHz" in column two.

2.12 Key to Abbreviations:

2.12.1 (4) and (6): Substitute "Asymmetrical" for "Assymetrical".

2.13 Table 3:

2.13.1: Substitute "Factor f" for "Factor-f" in right-hand column.

2.14 Annexure D:

2.14.1 (i) (b): Insert "Class 1 or 2 or 3 or 4 or 5" after "suppressors".

2.15 Annexure F:

2.15.1 Page 137: Insert "Annexure F" at the top of the page.

## DEPARTEMENT VAN STATISTIEK

No. R. 124 25 Januarie 1980

REGULASIES KRAGTENS ARTIKEL 17 VAN DIE WET OP STATISTIEKE, 1976 (WET 66 VAN 1976)

SKOFWERK IN FABRIEKSWESE, 1979

Die Minister van Statistiek het kragtens artikel 17 van die Wet op Statistieke, 1976 (Wet 66 van 1976), gelees met Goewermentskennisgewing R. 139 van 4 Februarie 1977, die regulasies in die Bylae hiervan met betrekking tot die jaarlikse versameling van statistieke aangaande skofwerk ten opsigte van fabriekswese-inringtings, uitgevaardig.

## DEPARTMENT OF STATISTICS

No. R. 124 25 January 1980

REGULATIONS IN TERMS OF SECTION 17 OF THE STATISTICS ACT, 1976 (ACT 66 OF 1976)

SHIFTWORK IN MANUFACTURING, 1979

The Minister of Statistics has, in terms of section 17 of the Statistics Act, 1976 (Act 66 of 1976), read with Government Notice R. 139 of 4 February 1977, made the regulations in the Schedule hereto in connection with the annual collection of statistics on shiftwork in manufacturing establishments.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



## BYLAE

1. In hierdie regulasie, tensy uit die samehang anders blyk, beteken—

(1) "fabriekswese-inrigting"—

(a) enige perseel wat gebruik word vir of in verband met—

(i) die vervaardiging, verwerking, maak, voorbereiding of verpakking van goedere of artikels;

(ii) die slag van lewende hawe, met inbegrip van pluimvee en kleinwild; en

(iii) installerings-, monterings-, voltooiings-, herstel- en ander werk;

(b) enige perseel waarin administratiewe, klerklike, verkoops-, navorsings- of ander werksaamhede verrig word wat regstreeks in verband staan met werksaamhede in paragraaf (a) genoem;

(2) "persoon in beheer van 'n fabriekswese-inrigting"—

(a) iemand wat gedurende die tydperk in regulasie 3 omskryf, die eienaar van sodanige inrigting was of iemand was aan wie die eienaar toesig of beheer oor, of die administrasie, leiding of bestuur van die inrigting, na gelang van die geval, oorgedra het;

(b) 'n trustee of likwidateur of eksekuteur of administrateur van 'n insolvente of bestorwe boedel of 'n likwidateur van 'n maatskappy of vereniging sonder winsoogmerk, of 'n koöperatiewe vereniging of maatskappy in likwidasie, of 'n geregtelike bestuurder van 'n maatskappy onder geregtelike bestuur, welke boedel of maatskappy of vereniging of koöperatiewe vereniging of maatskappy gedurende die tydperk in regulasie 3 omskryf, die eienaar van sodanige inrigting was.

2. Die persoon in beheer van 'n fabriekswese-inrigting moet, nadat hy deur die Sekretaris van Statistiek daartoe versoek is, voor of op 30 November 1979 of voor of op sodanige latere datum as wat die Sekretaris van Statistiek om goeie redes kan bepaal, 'n opgawe wat by die Sekretaris van Statistiek verkrygbaar is, indien, waarin al die besonderhede of inligting voorgeskryf in regulasie 4, vir die tydperk in regulasie 3 omskryf, verstrek word.

3. Die tydperk wat deur die opgawe gedek moet word, is die laaste volle week van Oktober 1979, dit wil sê die sewe dae wat strek van Sondag, 21 Oktober 1979 tot Saterdag, 27 Oktober 1979.

4. Die volgende besonderhede en inligting moet ooreenkomstig die bepalings van hierdie regulasies in die opgawe verstrek word:

(1) Besonderhede van die getal produksie- en verwante werkers werksaam op 'n multiskofbasis gedurende die week 21 tot 27 Oktober 1979, en die duur van die verskillende skofte.

(2) Besonderhede van die getal produksie- en verwante werkers nie werksaam op 'n multiskofbasis gedurende die week 21 tot 27 Oktober 1979 nie, en die duur van die werksdae.

(3) Of dit tegnies moontlik is om meer skofte met die huidige vaste bates in te stel, al dan nie, en indien nie, die beraamde bedrag van addisionele investering ten opsigte van installasies en uitrusting ten einde die instelling van meer skofte te bewerkstellig.

(4) Of dit ekonomies geregverdig is om meer skofte in te stel, al dan nie.

## SCHEDULE

1. In these regulations, unless the context otherwise indicates—

(1) "manufacturing establishment" means—

(a) any premises used for or in connection with—

(i) the manufacture, processing, making, preparing or packing of goods or commodities;

(ii) the slaughtering of livestock, including poultry and small game; and

(iii) installation, assembly, completion, repair and other work;

(b) any premises in which administrative, clerical, sales, research and other activities directly related to any activity mentioned in paragraph (a) are performed;

(2) "person in charge of a manufacturing establishment" means—

(a) any person who, during the period defined in regulation 3, owned such an establishment or any person who was charged by such owner with the supervision, control, administration, direction or management, as the case may be, of the affairs or such an establishment;

(b) a trustee or liquidator or executor or administrator of an insolvent or deceased estate, or liquidator of a company or a non-profit society or a co-operative society or company in liquidation, or a judicial manager of a company under judicial management, which estate or company or society or co-operative society or company owned such establishment during the period defined in regulation 3.

2. The person in charge of a manufacturing establishment shall, after having been requested thereto by the Secretary for Statistics, on or before 30 November 1979 or on or before such later date as the Secretary for Statistics may for good cause allow, render a return which is obtainable from the Secretary for Statistics, furnishing all the particulars or information prescribed in regulation 4 hereof, for the period prescribed in regulation 3.

3. The period to be covered by the return shall be the last full week of October 1979, that is the seven days from Sunday, 21 October 1979, to Saturday, 27 October 1979.

4. The following particulars and information shall be furnished in the return according to the provisions of these regulations:

(1) Particulars of the number of production and related workers working on a multi-shift basis during the week 21 to 27 October 1979, and the duration of the different shifts.

(2) Particulars of the number of production and related workers not working on a multi-shift basis during the week 21 to 27 October 1979, and the duration of the working days.

(3) Whether it is technically possible to introduce more shifts with the present fixed assets or not, and if not, the estimated amount of additional investment in respect of plant and equipment to enable the introduction of more shifts.

(4) Whether it is economically feasible to introduce more shifts or not.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



(5) 'n Aanduiding, in volgorde van relatiewe belangrikheid, van die volgende redes waarom daar nie tans meer skofte ingestel word nie:

Tegnies.
Finansieel.
Aanvraag.
Materiaal.

Arbeid:

Bestuurs, professioneel, tegnies.
Geskoold.
Halfgeskoold.
Ongeskoold.

Vervoer.
Ander (spesifiseer).

5. Enige persoon in beheer van 'n fabriekswese-inrigting wat sonder redelike oorsaak versuim om aan 'n bepaling van hierdie regulasies te voldoen, is aan 'n misdryf skuldig en is by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens R200 of, in die geval van voortdurende versuim om daaraan te voldoen, met 'n boete van hoogstens R10 vir elke dag waarop sodanige versuim voortduur.

(5) An indication, in order of relative importance, of the following reasons for not introducing more shifts at present:

Technical.
Financial.
Demand.
Materials.

Labour:

Managerial, professional, technical.
Skilled.
Semi-skilled.
Unskilled.

Transport.
Other (specify).

5. Any person in charge of a manufacturing establishment who, without reasonable cause, fails to comply with these regulations, shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding R200 or, in the case of a continuing failure to comply therewith, to a fine not exceeding R10 for every day on which such failure continues.


# DIE BLOMPLANTE VAN AFRIKA

Hierdie publikasie word uitgegee as 'n geïllustreerde reeks, baie na die aard van Curtis se "Botanical Magazine". Die doel van die werk is om die skoonheid en variasie van vorm van die flora van Afrika aan die leser bekend te stel, om belangstelling in die studie en kweek van die inheemse plante op te wek, en om plantkunde in die algemeen te bevorder.

Die meeste van die illustrasies word deur kunstenaars van die Navorsingsinstituut vir Plantkunde gemaak, dog die redakteur verwelkom geskikte bydraes van 'n wetenskaplike en kunsstandaard afkomstig van verwante inrigtings.

Onder huidige omstandighede word twee dele van die werk gelyktydig gepubliseer, maar met onreëlmatige tussenpose; elke deel bevat tien kleurplate. Intekengeld bedra R5 per deel (buitelands R5,25 per deel): Vier dele per band. Vanaf band 27 is die prys per band in linne gebind R30; in moroccoleer gebind R35. (Buitelands, linne gebind R31; moroccoleer R36).

Verkrygbaar van die Direkteur, Afdeling Landbou-inligting, Privaatsak X144, Pretoria.

Verkoopbelasting moet by binnelandse bestellings ingesluit word.

# THE FLOWERING PLANTS OF AFRICA

This publication is issued as an illustrated serial, much on the same lines as Curtis's Botanical Magazine, and for imitating which no apology need be tendered.

The desire and object of the promoters of the publication will be achieved if it stimulates further interest in the study and cultivation of our indigenous plants.

The illustrations are prepared mainly by the artists at the Botanical Research Institute, but the Editor welcomes contributions of suitable artistic and scientific merit from kindred institutions.

Each part contains 10 plates and costs R5 per part (other countries R5,25 per part). Two, three or four parts may be published annually, depending on the availability of illustrations. A volume consists of four parts. From Volume 27, the price per volume is: Cloth binding, R30; morocco binding, R35 (other countries, cloth binding R31; morocco binding R36).

Obtainable from the Director, Division of Agricultural Information, Private Bag X144, Pretoria.

Sales tax must accompany inland orders.

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



# INHOUD


| *No.* | | *Bladsy No.* | *Staatskoerant No.* |
|---|---|---|---|
| | **GOEWERMENTSKENNISGEWINGS** | | |
| | **Doeane en Aksyns, Departement van** | | |
| | *Goewermentskennisgewing* | | |
| R. 135 | Doeane- en Aksynswet (91/1964): Wysiging van reëls (DAR/28)... | 1 | 6823 |
| | **Gemeenskapsbou, Departement van** | | |
| | *Goewermentskennisgewing* | | |
| R. 123 | Wysiging van die regulasies in verband met administrasiegelde betaalbaar deur verbandgewers, of kopers | 1 | 6823 |
| | **Landbou-ekonomie en -bemarking, Departement van** | | |
| | *Goewermentskennisgewing* | | |
| R. 152 | Bemarkingswet (59/1968): Gradering en verpakking van koring: Wysiging | 2 | 6823 |
| | **Pos- en Telekommunikasiewese, Departement van** | | |
| | *Goewermentskennisgewing* | | |
| R. 148 | Verbetering van Goewermentskennisgewing R. 2862: Radioregulasies | 2 | 6823 |
| | **Statistiek, Departement van** | | |
| | *Goewermentskennisgewing* | | |
| R. 124 | Wet op Statistieke (66/1976): Skofwerk in fabriekswese, 1979. | 4 | 6823 |


# CONTENTS


| *No.* | | *Page No.* | *Gazette No.* |
|---|---|---|---|
| | **GOVERNMENT NOTICES** | | |
| | **Agricultural Economics and Marketing, Department of** | | |
| | *Government Notice* | | |
| R. 152 | Marketing Act (59/1968): Grading and packing of wheat: Amendment | 2 | 6823 |
| | **Community Development, Department of** | | |
| | *Government Notice* | | |
| R. 123 | Amendment of the regulations in connection with administration fees payable by mortgagors or purchasers | 1 | 6823 |
| | **Customs and Excise, Department of** | | |
| | *Government Notice* | | |
| R. 135 | Customs and Excise Act (91/1964): Amendment of rules (DAR/28) | 1 | 6823 |
| | **Posts and Telecommunications, Department of** | | |
| | *Government Notice* | | |
| R. 148 | Correction of Government Notice R. 2862: Radio Regulations | 2 | 6823 |
| | **Statistics, Department of** | | |
| | *Government Notice* | | |
| R. 124 | Statistics Act (66/1976): Shiftwork in manufacturing, 1979 | 4 | 2823 |

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

Gedruk deur en verkrygbaar by die Staatsdrukker, Bosmanstraat, Privaatsak X85, Pretoria, 0001

Printed by and obtainable from the Government Printer, Bosman Street, Private Bag X85, Pretoria, 0001

6823—1